

Die tandetrekker

'n kort eenbedryf

deur

Nico Luwes

Vrylik verwerk uit Anton Chekhov se kortverhaal

The operation



04/11/2014
Dept. Drama en Teaterkuns
UV
Bloemfontein
(c) luwes@ufs.ac.za 0823742485
Opvoerrechte verkrygbaar by Dalro

www.dalro.co.za/

Stel

‘n Dokter se kamer in ‘n distrikshospitaal diep in die Russiese platteland in 1884.

‘n Baie eenvoudige stoel vir die pasiënt, ‘n Lessenaar en stoel vir die dokter en ‘n sy-kassie of tafeltjie met sy medisynes en aparate daarop.

Karakters

Kuryagin – ‘n Mediese Ordonnans wat hom in die afwesigheid van die werklike dokter voordoen as die ‘n groot geneeskundige snydokter wat spesialiseer in tandheelkunde.

Eintlik is hy ook van lae stand, maar: “O, aarde! As die kat weg is, is die muis baas”

Vomoglasov – ‘n Koster vir die Russies-Ortodokse Kerk en plattelande kleinboer. Van ‘n lae stand, nie baie slim nie en kom nooit by ‘n dokter uit nie. Hy ken dus nie die regte dokter, Sergey Kuzmich, nie.

Toneel 1

(Dit vroegoggend en die Mediese Ordonnans is al ‘n ‘n week of twee alleen by die distrikshospitaal aangesien dit eintlik vakansie is. Die dokter is weg om te gaan trou en word nie binnekort verwag nie. Eintlik moet Kuryagin maar net die plek oppas.

Die Mediese Ordonnans, Kuryagin, sit lekker agteroor in die werklike dokter, wat uitstedig is, se stoel agter die lessenaar - sy twee ou leerstewels gemaklik op die dokter se lessenaar. Hy hou hom slim deur kamtig in die mediese boeke te lees. Hy verstaan dit nie en gaan staan verveeld by die venter waar hy, met sy handjies agter die rug, op sy stewels wieg. Hy is vet en so ongeveer veertig en geklee in ‘n ou vodde tweedbaadjie en ‘n soort van ou militêre voddebroek wat by sy regtige stand pas)

Kuryagin: Nouja, ou Doktertjie Sergey Kuzmich, hou u maar lekker wittebrood! Ek, Kuryagin Mediese Ordonnans, *par excellence*, is méér as in staat om u ou mediese praktykie vir nog twee weke aan die gang te hou.

(Hy sien die sigardoos op die sy-tafel en neem vir hom 'n dik sigaar uit die dokter se sigardoos. Hy gaan sit weer te heerlik met sy ou stewels op die lessenaar agter op die dokter se stoel en siels-tevrede swaai hy die stink sigaar tussen sy vingers in sy linkerhand rond.

Skielik hoor hy 'n gekreun buite, sit vinnig regop, gaan loer deur die venster om te sien wie aankom en gaan druk die sigaar sommer in die laai dood. Hy sit weer en slaan 'n mediese boek oop. Dan onthou hy die dokter se bril in die laai en sit dit vinnig op. Hy kan natuurlik nie daardeur sien nie en in die res van die toneel haal hy dit vernaam af, kou die een oor of loer bo-oor die bril. Op 'n stadium, as hy werk, haal hy dit uit frustrasie af en sit die iewers neer. Maar as hy vernaam berispe sit hy dit weer op. Buite klop Vomoglasov versigtig aan die deur)

Binne! Binne!

Vomoglasov *(kom versigtig binne kom vertrek binne en kyk verskrik en verdwaald rond. Hy is 'n stewig geboude, ouerige man. Hy is 'n baie godsdienstige koster en voorsanger in die plaaslike Russiese Ortodokse kerkie. Hy is geklee in 'n groot bruin jas, vasmak met 'n leergordel. Sy regteroog het 'n hou weg en is half toegeswel. Sy wang is ook geswel en rooi. Daar is 'n ou wit doek om sy kakebeen gedraai wat op sy kop geknoop is. Hy sien dus moeilik. Daar is 'n moesie op sy neus wat soos 'n groot perdervlieg lyk. Die koster soek teen die mure rond na 'n Heilige ikoon om daarvoor 'n kruis te maak. As hy nie een kry nie, sien hy 'n bottel karbolsuur waarmee die ou dokter soms wonde skoonmaak en hy maak plegtig 'n Heilige Kruis daarvoor. Hy sien vir Kuryagin nou behoorlik raak en haal versigtig 'n ou stuk goewermentsbrood uit sy rooi sakdoek. Hy buig voor die*

Mediese Ordonnans, wie hy vir dokter Sergey Kuzmich aansien. Hy sit die brood as nederige geskenk voor die belangrike ‘dokter’ op die lessenaar neer en buig laag)

My Heiligste Sondag-respekte aan u, geagte dokter Sergey Kuzmich.

Kuryagin *(gaap verveeld)*: Ja, Ja. My respekte jou ook, wie jy ook al is.

Vomoglasov: Ekskuus, geagte dokter. Ek is die arme koster... die voorsanger... in die Ortodokse kerkie in Azof in die Rostov Oblast so een verst hiervandaan. *(Dis so amper 5 kilometer)* Ek het met die perdjie gekom, maar toe val die perdjie se skoentjie af en toe...

Kuryagin: En toe trek jy die perdjie se kousie uit en trek dit oor jou kop? Wat is nou naam?

Vomoglasov: Ermolai.... Ermolai Vomoglasov, geagte dokter.

Kuryagin: Ermolai? O - Hopie Klippe! Wat kan ek vir jou doen, Hopie Klippe?

Vomoglasov: Geagte dokter Sergey Kuzmich, u op wie se heilige en geseënde kennis ek moet staatmaak – want waarlik en geregverdig staan dit so in die Psalms, as u my sal verskoon sal ek kan sê: “Ek het my drank met trane gemeng” *(Hy vat aan sy seer wang en maak kort-kort ‘n Heilige kruisteken as hy van enige Opperwese praat)* Net-netnou sit ek met my ou vrou om die tafel vir ‘n glasie tee en nie ‘n druppeltjie of spatseltjie tee kon ek afsluk nie. So help my die Heilige Maria, die Vader en die Seun, of ek kan sommer net hier doodneerslaan - so waar is dit wat ek sê. Ek vat so slukkie tee – en blitsende weerligte slaan deur my mond en steek my kakebeen aan die brand en - ag

Vadertjie tog - my einde breek aan. En dis nie net die tand nie, dis sommer die hele een kant, van die tand af deur die wang, tot in my arme oog. En dit pyn en dit pyn! Tot binne in my oor ook! As u my sal verskoon, dit voel of die Duiwel... *(Kruisteken)* ... ag seën my siel, 'n spyker of een of ander skerp ding soos die stert van Satan daar ingeslaan het! Dit is steekpyn! 'n Steekpyn net uitgespaar vir sondaars en wettelose mense. *(Kruisteken)* Ag red my siel! My siel is beswadder met die vlekke van sonde en die vrede van my lewe word oopgevreet deur die Adder van die Tuin van Eden!

“Dis vir jou sondes, Ermolai Vomoglasov, oor al jou sondes!” sê onse Vader Priester, Kozlovki. Ons vader Priester het my net na die diens uitgetrap. “Jy sing vals, Ermolai! Jou stem klink bedompig en dan sing jy nog deur jou neus ook! Jy is die voorsanger en niemand kan 'n woord uitmaak nie? Wriemel die Duiwel daar vreemde woorde in jou mond in?” Kan u dit glo, dokter? Die Duiwel wat hier wriemel? In die Koster se mond? *(Kruisteken)* Wyk Satan!

Maar nou vra ek u, Dokter, hóé kan ek sing en wát kan ek sing as ek nie eers my mond nie kan oopmaak nie? Dis opgeswel en verskoon my as ek sê, maar ek kan ook nie slaap nie!

Kuryagin *(staan op en beduie vir Vomoglasov om op die stoel te sit):* Hmmm...
Ek sien. Kom sit hier en haal daai perdjie se kous van jou kop af.

Vomoglasov *(duidelik nie gewoond om in te sit in iemand van 'n hoër klas se plek nie):* Op die stoel?

Kuryagin *(sarkasties):* Nee op die vensterbank.

Vomoglasov *(weet nou nie wat om te doen nie):* Dokter?

- Kuryagin *(vernaam en ongeduldig):* Gaan sit op die stoel!
- Vomoglasov *(gaan sit gedwee in die stoel en haal die lap om sy kop af. Hy weet nie wat om daarmee te doen nie en sit dit dan maar in sy jas se sak)*
- Kuryagin: Wat sit hier op jou neus? 'n Perdevlieg?
- Vomoglasov: Nee, dokter, dis maar net 'n moesie en dit is al ding op my gesig wat nie pyn nie.
- Kuryagin: Maak oop jou mond en sê "Aaa"
- Vomoglasov *(maak sy mond oop):* Aaa.
- Kuryagin *(frons, bekijk die ou hol mond met die houpie geel tabaktande. Hy gebruik die bril as vergrootglas en sien een tand met 'n gapende gat)*
Daar sit hy, die Derduiwel!
- Vomoglasov *(slaan gou 'n kruis):* O, red my siel! Vader Priester het gesê ek moet peperwortel aansmeer en met Vodka gorrel, maar dit help niks! En vodka is die Duiwel se gif!
- Kuryagin *(Gaan krap in die laaie en kom 'n regte vergrootglas terug):* Ag, dis pure bygelofies!
- Vomoglasov: Glikeria Anisimovna, mag die Vader haar seën, het vir my takkie Heilige bergkruid van die Heilige berg Athos gegee om om my arm te bind en gesê ek moet my mond met warm bokmelk uitspoel. Bokmelk! Om u die waarheid te sê, ek het die kruietakkie om my arm gebind, maar die bokmelk? O nee! Ek het dit maar nie probeer nie,

want ek is 'n gelowige man wat leef in die vrees van die Vader en van die Duiwel se bokmelk sal ek nie drink nie en dan is dit nog vastyd ook.

Kuryagin: Ag, ek sê mos dis sommer 'n ou bygeloof (*'n Pouse terwyl hy met die vergrootglas in die mond kyk*) Ja, nee. Die gat is nou groter as netnou. Hy sal moet uit, Ermolai Vomoglasov!

Vomoglasov (*babbel senuweeagtig voort*): U sal die beste weet, geagte dokter Sergey Kuzmich. Want u is geleerd en alles en opgelei en alles en u verstaan tog hierdie soort van ding. U weet mos van wat om uit trek en wat om met 'n druppeltjie te salwe en so meer. Vir daardie rede is u dokters daar as ons beskermhere, en... (*Kruisteken*) ...mag die Vader u seën en beskerm – o, en tog vir ons ook, sodat ons elke dag en nag vir u kan bid, julle wat amper soos onse Vaders oor ons waak en so aan tot aan die einde van ons dae en so aan.

Kuryagin (*gemaak nederig*): Nonsens! (*Hy gaan krap in die kas en vroetel rond tussen die instrumente wat hy op die kas begin uitpak*) 'n Operasie is sommer maklik! Dis net 'n kwessie van ondervinding en 'n bestendige hand. 'n Geleerde mens soos ek hoef nie eers my kop daarvoor te breek nie. Net onlangs nog het Alexander Egipetsky, 'n landheer en edelman, baie slimmer as jy, wat sommer net 'n kleinboer en 'n koster is, na my toe gekom. Ook met 'n tandpyn. 'n Geleerde man hoor! Hy't my uitgevra oor alles. Diep ingegaan oor die kleinste ou mediese dingetjie wat ek doen. Hoekom doen jy dit en waarom dat, geagte dokter? Hy't my hand geskud en my hoflik aangespreek. (*Asof dit 'n groot prestasie is*) Hy't séwe jaar in St. Petersburg gewoon! Hy het my oor al die prosedures vir die ondersoek uitgevra. Ons was 'n lang tyd hier. Hy vir my gebid en gesmeek: "Ag, in Vadersnaam trek u dit vir my uit! Hoekom trek jy dit nie net uit nie. Dit kan uitgetrek word!"

Maar jy moet verstaan, Ermolai, jy kan dit nie sommer uittrek as jy nie die kennis het om dit te doen nie, Daar is tande en daar is tande. Die een kan jy met 'n tang uittrek en 'n ander een met 'n skalpel uitsny en 'n ander een met 'n hoek uittrek.

Vomoglasov (*maak 'n kruisteken*): O, by die Engel Gabriël tog!

Kuryagin: Elke tand het sy eie metode. (*Hy vat 'n soort van 'n tandelepel – of so lyk dit - bekyk dit ondersoekend en sit die eerder terug. Nou vat hy die tang en kom nader*) Nou maak jou mond nou wyd oop. In 'n tikkie het ons hom uit. Jy sien dis niks, dis net die tandvleis wat bietjie in die pad is. (*Hy krap in die dokter se kas en kry 'n bottel Vodka*) A! Stolichnaya! Die beste pynstiller wat daar is! Maak oop! (*Hy skud 'n bietjie vodka uit 'n botteltjie op die tand uit*)

Vomoglasov (*verstik omtrent*): O, Heilige Moeder wees my genadig! Dis Vodka! Die duiwel sal in my neusgate opkruip tot in my kop en my bietjie verstand wat ek nog het kom steel! (*Hy waai sy hand verwoed om die alkoholdampe uit sy neus te waai*) Wyk, Bose Winde van die Duiwel! Wyk!

Kuryagin: Nonsens! Bygelowe! (*Hy vat self 'n diep sluk agter Ermolai se rug en kry dan 'n skalpel*) Ons sny net die tandvleis so bietjie weg vir 'n stewige vasvatplek om die tand. Sien so op die vertikale aks... Ons sal hom kry... niks meer nie (*Hy sny die tandvleis terwyl Ermolai ietwat kreun*) Niks meer nie....

Vomoglasov (*mompel met sy oop mond*): Ag, dokter, julle is ons geseënde genadegewers, ons arme dom swape is niks werd nie, maar die Vader het vir julle die lig gegee.

- Kuryagin: Moenie met jou oop mond praat nie. Hierdie enetjie is 'n maklike kêreltjie op uit te rek. Maar dit kan gebeur dat daar bietjie wortels is... Hierdie een is uit voor jy in die Duiwel se oog kan spoeg... *(Hy sit die tang in trek)* Wag nou! Moenie wegpluk nie! Sit stil! In 'n oogknippie! *(Hy trek weer)* Die belangrikste ding is om laer af vas te vat sodat die kroon nie breek nie. *(Hy trek)*
- Vomoglasov: Heilige Vader, Moedertjie Maria... AHHHH! *(Hy gryp Kuryagin se hande vas)*
- Kuryagin: Nog nie. Nog... nie! Wat's fout met jou? Los my! Laat los jou hande! *(Hy trek weer)* Hy kom – kom nou, kom nou! Dis nie 'n maklike ding nie, jy weet!
- Vomoglasov: Heilige Moedertjie... Vadertjie. *(Hy skree)* Engele! Aah, aah, aah! Kry dit uit! Kry dit uit! Vir wat vat jy vyf jaar?
- Kuryagin: Dis nou maar die een ding van 'n operasie, jy weet. Jy kan nie alles gelyk doen nie. *(Trek weer)* Dit kom dit kom... *(Hy blaas en hyg en sukkel om met sy voete voor die arme man te staan. 'n Pynlike halfminuut gaan verby en die tang glip uit die kant van die mond)*
- Vomoglasov *(spring uit die stoel uit en steek sy vingers in sy mond. Die tand sit nog daar. Met 'n tranerige, verwyttende toon)*: So, hy't dit getrek? Nogal nê? Hier sit hy nog! O ek hoop die Duiwel doen dit aan jou in die hel – 'n hele week lank! My nederig dankie hiervoor! As jy die ding nie eers met 'n mes kan uitsny nie, vir wat probeer jy nog met tang? Vir wat dit hoegenaamd probeer trek? Ek sien nie die rede daarvoor nie!.

Kuryagin: *(kwaai)*: Vir wat gryp jy my met jou hande vas? Hier trek ek en jy stoot my onder my arms en dit nogal om vieslike manier... jou knopkop

Vomoglasov: Knopkop jousef! *(Hy gryp sy kop in skaamte vas)* Ekskuus! Ekskuus, dokter, ekskuus...

Kuryagin: *(gee hom 'n minagtende klap agter die kop)*: So jy dink dis maklik nê?. Dis 'n maklike ding om 'n tand uit te trek, jou slaaf! Kleinboer! Probeer jy dit, grootmeneertjie! Jy weet mos van beter! Dis nie dieselfde as om op 'n windpomp te klim nie, hoor! Of om 'n deuntjie op 'n klavier uit te tokkel nie *(Hy koggel hom)* Hu, hu, hu, hu! Jy kan dit nie doen nie! Jy kan nie! Moenie my kom vertel watter piekfyn generaal ons hier het wat van alles weet nie! Kyk net na jousef! Ek het daardie tand van daardie edelman, daai Alexander Egipetsky uitgetrek en hy het nie eers één woord gesê nie! 'n Man, vêr bo jou stand! En hy't nie eers een keer aan my vasgegryp nie. Sit! Sit - as jy so gesê word.

Vomoglasov: Ek kan nie sien nie. Laat ek net my asem terugkry. O.. *(Hy sit)* Moet dit net nie so lank trek nie, pluk dit net uit. Moenie trek nie, pluk net!

Kuryagin: Man gaan leer jou ouma om eiers te kook. Ag, voorvaders tog! Hierdie mense? Wat se opvoeding het hulle? Leef tussen dié spul en jy sal mal word! Maak oop! *(Weer met die tang in die mond)* Operasies ou kêrel, is nie 'n sokie om oor te lag nie. Jy staan nie voor 'n ou podium in 'n klas en gee 'n ou lesingtjie nie. *(Hy trek)* Moenie ruk nie! 'n Tand, en veral 'n ou tand kan diep wortels hê! Jy't te veel harde aartappels gevreet! Kyk hoe diep groei daardie wortel! *(Hy trek)* Moenie beweeg nie, Daar's hy... Daar's hy! Hy kom... hy kom... hy kom... *('n Kraakgeluid word gehoor)* Ek het dit geweet, absoluut geweet! *(Hy vat vinnig agter Ermolai se rug 'n sluk vodka)*

- Vomoglasov *(sit vir 'n oomblik bewegingloos asof hy geen sensasie ervaar nie. Hy't flou geword, Sy oë staar leweloos die verte in. Hy het sweet op sy bleek gesig)*
- Kuryagin: As ek maar eerder daardie tand-lepel-ding gebruik het. Baie vreemd, baie vreemd inderdaad! Dit gebeur nooit met...”
- Vomoglasov *(kom stadig by en steek sy vingers in sy mond en voel rond. In plaas van 'n tand is daar nou net twee skerp punte):* Jou vark! Jou ou Duiwel uit die Hel! Jy's net hier om ons te martel. Herodes! Dis jy! Dis wie jy is! Herodes! *(Hy slaan wenend die een kruis na die ander)* O Liewe Vadertjie, Heilige Moedertjie en die Seun, red my siel!
- Kuryagin *(gee hom 'n berispande klap agter sy kop):* En jy, dom plaasboertjie, jy dink nogal jy kan vir my kom vloek! 'n Geleerde dokter! *(Hy sit die tang mompelend terug in die kas en vat nog 'n sluk Vodka. Ermolai kreun en ween mompelend)* Onnosele sot. Jy't heeltemal te min pakslae gekry op skool. Daardie edelman, Alexander Egipetsky, het séwe jaar in St. Petersburg gewoon! En sy opvoeding? Van die beste! Sy klere alleen het honderd roebels gekos en hy het my nie eers gevloek nie. En jy! Watter soort van 'n gompou is jy. Hou om tjank! Dis niks. Jy't nie eers seergekry nie. Daarvoor is jy te lelik! Jy sal nie die emmer skop nie!
- Vomoglasov *(hou maar op kreun en hy vat gedwee sy goewermentsbrood van die tafel en draai dit in die rooi doekie toe. Hy hou sy opgeswelde wang vas en begin uitstap huis toe)*

Die einde

&&&&&&

Nota: Dis 1884. Sou die regte dokter, Sergey Kuzmich, se ondersoek en behandeling van onderskikte klasse dalk as voorbeeld gedien het vir die Mediese Ordonnans, Kuryagin? Die Russiese Revolusie sou bly groei en in 1905 finaal uitbreek.